| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## (Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **595/2007**
Datum verhoor: / Date heard: **21/06/2007**

In die saak:

**DU PLESSIS, W P (SNR)** 1ste Applikant
**DU PLESSIS, W P (JNR)** 2de Applikant

teen

**CANAL SQUARE INVESTMENTS 48 (Pty) Ltd** **Respondent**

*Coram: Lacock R*

## UITSPRAAK

**LACOCK R:**

1] In die lig van die toegewings deur Adv. Coetzee, namens die applikante, hierin gemaak en soos hieronder aangedui, is ek voornemens om bloot 'n kernagtige uitspraak hierin te lewer. Indien nodig en indien daartoe versoek, sal ek dan meer volledige redes vir my uitspraak verskaf.

2] Die applikante doen aansoek vir die likwidasie van die respondent. Die *locus standi* van die applikante is gegrond daarop dat beide van hulle skuldeisers van die respondent is. Na bewering is die respondent aan die applikante verskuldig verskeie bedrae ten aansien van balanse verskuldig op die kooppryse van onroerende eiendomme verkoop deur die applikante aan die respondent, uitgawes aangegaan deur die applikante namens en ten behoewe van die respondent, gelde verskuldig vir die verbouiing van gewasse namens die respondent, en onbetaalde salaris verskuldig deur die respondent aan die tweede applikant.

3] Die respondent ontken eerstens dat enige gelde aan die applikante verskuldig is soos beweer. Tweedens ontken die respondent dat die tweede applikant ooit in diens van die respondent was, en beweer dat hy in diens van ‘n ander maatskappy en wat deel van sy groep van maatskappye is, was.

Die respondent se beweringe word gestaaf deur ‘n uiteesetting van alle gelde wat aan of namens die applikante betaal is deur die respondent, en daaruit blyk dit dat alle gelde wat aan die applikante en ene Mnr. Kotze verskuldig was, ten volle betaal is. Selfs in soverre dit mag blyk dat – nadat die totaal van die skulde soos beweer deur die applikante asook die beweerde balans verskuldig aan Mnr Kotze in berekening gebring word teen dit wat die respondent aan die applikante betaal het – daar steeds ‘n

bedrag verskuldig is deur die respondent, was Mnr Coetzee nie in staat om aan te toon dat daardie moontlik verskuldigde bedrag verskuldig was aan enigeen van óf die applikante óf Mnr Kotze nie.

4] Die respondent het by sy stukke dokumentasie aangeheg ter stawing daarvan dat die tweede applikant nie in diens van die respondent was nie. Die applikante kon geen aanvaarbare getuienis tot die teendeel in repliek voorhou nie. Trouens, dokumentasie aangeheg aan die repliserende stukke bevestig die weergawe van die respondent.

5] Mnr Coetzee het dan ook, heeltemal tereg na my mening, toegegee dat die applikante nie op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon het dat hulle skuldeisers van die respondent is nie, en dat hul vervolgens nie oor die nodige *locus standi* beskik om hierdie aansoek te doen nie.

6] Vervolgens word die volgende bevel hierin verleen:

**A. Die aansoek word van die hand gewys met koste. Sodanige koste sluit in die koste van die verhoor op 6 Junie 2007.**

HJ Lacock
**REGTER**

**Namens applikant:** **Adv WJ Coetzee**

**<u>Namens respondent:</u> Adv CH Botha**